Kersuitgawe Stellenbosch

# KERSPROJEK 2025

## NGK Stellenbosch-Welgelegen

Met ons Kersprojek fokus ons daarop om hoop te bring deur voedselverligting, liefde uit te deel deur dit wat ons gee en dankie te sê vir versorgers en personeel wat getrou hul werk doen. Bestudeer die pamflet vir inligting oor al die instansies wat ons vanjaar ondersteun en die produkte wat jy kan skenk. Om dit vir jou makliker te maak, is daar 'n ekstra inkopielys saamgestel en beskikbaar in hierdie pamflet en in die kerkkantoor.









### Wees deel!

Die groot verpakking van al die pakkies en geskenke vind plaas op Woensdag, 26 November van 09:00 tot 12:00 in die vierkant hier by die kerk. Enigeen is welkom om te kom help!

**26 NOV** — Jy is genooi na die groot verpakking — **09:00**





## Dinge wat jy hierdie Kerstyd kan doen

1 Gesinskospakkie aankoop. Ons wil vanjaar weer minstens 90 pakkies saamstel wat oordeelkundig deur Voedingsaksie en ACVV versprei sal word.

2 Los kruideniersware uit die lys aankoop waarmee ons gesinskospakkies kan saamstel.

3 Toiletware skenk wat ons kan uitdeel aan die volgende instansies: Jeuguitreik se kinders, Safehouse waar mishandelde ma's en kinders versorg word, ACVV om aan behoeftiges uit te deel, vir inwoners sonder familie in Huis Horison, behoeftige studente aan die Universiteit van Stellenbosch, ABBA vir persone wat vir behandeling teen middelmisbruik gaan, vir Stellemploy se studente, vir Nagskuiling om aan haweloses te gee en vir behoeftige inwoners in Molenhof.

4 Skoonmaakmiddels skenk wat ons kan uitdeel aan behoeftige inwoners van Molenhof Ouetehuis, die ACVV, Jeuguitreik, Nagskuiling en Safehouse, wat dit op hulle beurt gebruik of versprei onder behoeftiges.

5 Niknaks, koekies en aanmaakkoeldrank koop vir Voedingsaksie en ACVV se Kersfeespartytjies vir 650 behoeftige kinders, en vir die 40 inwoners van Nagskuiling.

6 Skryfbehoeftes koop wat geskenk kan word aan Jeuguitreik, die ACVV, Safehouse en behoeftige studente aan die US vir die 2026-akademiese jaar.

7 Enige geldbydrae skenk waarmee ons kosprodukte, toiletware, skoonmaakmiddels en skryfbehoeftes kan aankoop om uit te deel.

## Inligting oor die kospakkies en ander behoeftes

Inhoud van 'n volledige gesinskospakkie: 'n blikkie "pilchards" of 'n blikkie "bully beef", 'n blikkie "baked beans", 'n klein pakkie (20 of 26) tee, 1 liter langlewe melk, 1 kg koekmeel/mieliemeel, 1 kg rys, 500 g droë pasta, 500 g sout, 400 g grondboontjiebotter, 'n klein blikkie konfyt, 'n pakkie soppoeier, 6 blokkies hoender-/biefaftreksel, 'n pakkie tamatiepasta, 'n klein pakkie koekies en 'n pakkie jellie.

Pak self 'n boks of bring die inhoud. Ons kan dit hier by die kerk verpak. Elke boks word voorsien van 'n kaartjie met 'n Kersboodskap van die gemeente.

Jy kan enige van die bogenoemde produkte apart skenk, asook enige ander nie-bederfbare produkte. Alle los produkte word gebruik om kospakkies saam te stel of dit word as los produkte geskenk.

Skryfbehoeftes: A4-skryfboeke met lyne, eksamenblokke, blou balpuntpenne, HB-potlode, kleurpotlode, potloodsakkies, kokipenne, uitdraaikryte, skêre, uitveërs, skerpmakers, Pritt, liniale, "flip files" en liasseersakkies.

Toiletware: badseep, tandepasta, tandeborsels, "roll-on", sjampoe, lyfroom, handeroom, sanitêre doekies, toiletpapier, sneesdoekies, babadoeke, waslappe, stortjel en baba toiletware.

Skoonmaakmiddels: skottelgoedopwasmiddel, Handy Andy, Domestos, Jik, groen Sunlight wasgoedseep en klein pakkies (500 g) handwaspoeier.

Niknaks, koekies en aanmaakkoeldrank: klein pakkies Niknaks, klein pakkies koekies, groot (4 kg) sakke koekies en bottels aanmaakkoeldrank.



## Organisasies wat ons hierdie Kerstyd ondersteun

ACVV: Hierdie barmhartigheidsorganisasie bedien die armste mense in ons omgewing – gesinne, individue, kinders en bejaardes. Die ACVV werk met ongeveer 350 gesinne per maand. Ons wil graag aan die ACVV 30 gesinskospakkies, 150 lekkergoedpakkies, toiletware, skoonmaakmiddels en skoolbenodigdhede skenk.

Geluksoord Tehuis vir verswakte bejaardes: Hier word bejaardes versorg. Daar is ook 'n afdeling vir verswakte Alzheimer en seniele persone. Ons wil vanjaar vir die ongeveer 60 personeellede van die tehuis 'n koekiegeskenkpakkie en 'n kaartjie van die gemeente gee.

Huis Horison: 'n Tehuis vir mense met 'n intellektuele gestremdheid. Ons wil hulle ondersteun met toiletware en skoonmaakmiddels, en ook help met 'n uitstappie of vermaak oor die Kersvakansie.

Paarl Hospitaal Neonatale Eenheid: Vroeggebore babatjies uit die streek word hier gehou tot hulle sterk genoeg is om huis toe te gaan. Ma's kom dikwels uit groot armoede en sonder enigiets vir hulself of die babas by die hospitaal aan. Ma's moet 'n geruime tyd saam met die babas in die hospitaal bly. Een van ons lidmate is 'n dokter daar en neem gereeld bydraes vir die ma's en babas. Ons gee hierdie Kersdag vir die personeel aan diens en die mammas in die Neonatale Eenheid 'n handeroom en mooi kaartjie as bemoediging.

Jeuguitreik is 'n Stellenbosse organisasie wat na die belange van ongeveer 20 kinders omsien wat om verskeie redes deur die hof weggeneem is van hul ouers. Blyplek word aan hierdie kinders voorsien terwyl 'n groter groep, die sogenaamde "drop-in"-kinders, aanmeld vir kos, hulp met huiswerk en ander hulp. Programme en ontspanning word vir die kinders aangebied. Ons wil skoolbenodigdhede, toiletware, skoonmaakmiddels, hoenderporsies vir hul Kersete en los kruideniersware aan Jeuguitreik skenk.

Behoeftige Studente: Daar is talle behoeftige studente aan die US wat ondersteun word deur die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling. Ons wil graag help met toiletware, skryfbehoeftes en koskoepons vir die nuwe akademiese jaar.

Stellenbosch Voedingsaksie voorsien meer as 12 000 gebalanseerde maaltye per week aan meer as 5 000 behoeftige begunstigdes by 60 voedingspunte in die Stellenbosch omgewing. Voedingsaksie hou elke jaar 'n paar Kersfeespartytjies vir behoeftige kinders en benodig koekies en aanmaakkoeldrank hiervoor, ook koekmeel en versiersuiker. Ons wil graag vanjaar ook 30 gesinskospakkies aan hulle skenk om uit te deel aan behoeftige gesinne.

Safehouse – tehuis vir slagoffers van gesinsgeweld: Mishandelde vroue en hul kinders word hier beskerm, bemagtig en gehelp om weer op die been te kom. Ons help met toiletware, kruideniersware en skoonmaakmiddels. Ons wil ook graag hoenderstukke aan hulle skenk vir hul Kersdagete, asook 'n waslappie/sepie-geskenkpakkie.

Stellenbosch Nagskuiling bied oornaggeriewe, aandete en ontbyt vir ongeveer 40 haweloses teen 'n nominale fooi. Ons skenk kosprodukte, toiletware, skoonmaakmiddels, koekies en koeldrank vir Kersfees, asook 'n pakkie koekies vir die 8 personeellede. Op Maandag, 1 Desember voorsien ons 'n Kersete met hoender, slaaie en nagereg.

ABBA: By ABBA (deel van Badisa) word rolspelers gemobiliseer om middelafhanklikheid (alkohol– en dwelmmisbruik) te voorkom en te behandel. Behandeling word by twee sentrums, Ramot en Toevlug, gegee. Gesinne wat geraak word, word ondersteun. Ons wil toiletware skenk aan persone wat vir behandeling gaan.

Behoeftige Bejaardes: In Molenhof Ouetehuis is ongeveer 10 bejaardes wat afhanklik is van 'n staatstoelaag en wat nie deur hul familie ondersteun word nie. Ons wil hulle help met basiese kosprodukte, toiletware, skoonmaakmiddels en 'n waslappie/sepie-geskenkpakkie.

Stellemploy: 'n Organisasie wat deur die kerke van Stellenbosch begin is om werkloosheid aan te spreek. Werkloses word hier in opleidingsprogramme bemagtig met vaardighede soos kommunikasie en geletterdheid, rekenaargebruik, tuinwerk, kookkursusse, elektrisiënwerk en motorwerktuigkundige werk. Ons wil die studente help met basiese kospakkies en toiletware.

Kersuitgawe Stellenbosch

# Geseënde Kersfees!

Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy unieke Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Johannes 3:17 (2020-vertaling)

## Nog versoeke vir Kersfees

- Skenk koekmeel en versiersuiker vir Voedingsaksie om kolwyntjies te bak vir hul Kerspartytjies.
- Maak 'n geldbydrae vir die ongeveer 30 inwoners van Huis Horison wat in die tehuis agterbly oor die Kerstyd, gemerk "Huis Horison". Ons wil hulle graag bederf met 'n uitstappie.
- Skenk hoenderboudjies/-dye, ingelegde perskes, groen/rooi jellie of boksies vla, of maak 'n bak noedel- of aartappelslaai vir Nagskuiling se Kersete op 1 Desember.
- Skenk hoenderstukke vir Safehouse en Jeuguitreik se Kersetes.
- Maak 'n donasie vir Behoeftige Studente vir voedselaankope, gemerk "Studente".
- Maak 'n waslap en sepie-geskenkpakkie op vir die vroue in Safehouse en vir inwoners in Molenhof Ouetehuis.

geroep gewillig gestuur




**Barmhartigheidsaksie**

NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen
Tel: 021 886 5975 E-pos: ontvangs@stelwel.co.za

Bankbesonderhede:
NGK Stellenbosch-Welgelegen
Nedbank Rekno 149 804 6320
Takkode 198765 / 149821
Verwysing: Kersprojek

Enigeen wat kan help met verpakking, wat wil help met aankope of vir enige navrae rakende die Kersprojek, skakel asb die kerkkantoor (021 886 5975/epos ontvangs@stelwel.co.za).